



LIGBRON

AKADEMIE VIR TEGNOLOGIE

ACADEMY OF TECHNOLOGY

Prospektus





By **LIGBRON**...

bied ons 'n veilige basis waarbinne leerders gemaklik kan ontwikkel, mekaar ondersteun en aanmoedig. Die skool se sukses is in hierdie hegte eenheid gewortel waar ons verskille ons sterker maak. Dis hier waar ons kosbaarste besittings, ons kinders, opgevoed word deur roepingsbewuste onderwysers wat hul ten doel stel om die leerders se talente: geestelik, intellektueel sowel as liggaamlik, te ontwikkel as 'n waarborg vir die toekoms. Ons passie is die dryfveer om in elke faset die hoogste na te streef. Ligbron bied aan elke leerder 'n magdom ontwikkelingsgeleenthede en platvorme om hul talente en unieke persoonlikhede uit te leef. Leerders word die geleentheid gegun om op alle terreine - akademie, sport, kultuur en leierskap betrokke te raak. Saam met die sterk morele en etiese beginsels wat ons denke en daade rig, word streng dissipline toegepas. Ons streef daarna om leerders te ontwikkel wat entoesiasies is oor die toekoms en 'n passie het vir die lewe. By Ligbron skep ons 'n milieu waar positiwiteit heers.





DIE LIGGIES

Hoekom is Ligbron jou nommer EEN keuse?

- Ligbron fokus op 'n waardegedrewe stelsel waar daar in elke aktiwiteit na uitnemendheid gestreef word.
- By Ligbron Akademie vir Tegnologie word gewone kinders bemagtig om uitsonderlik te prestee.
- Daar heers 'n positiewe atmosfeer in die klas en op die terrein en leerders word gemotiveer om hard te werk.
- Ons bied 'n verskeidenheid geleenthede en fasiliteite wat dit vir elke leerder moontlik maak om sy/haar volle potensiaal te bereik.
- Ons moedig maksimale betrokkenheid aan op akademiese, kulturele, sport, en leierskap gebied.
- By Ligbron word elkeen se stem gehoor, elkeen se uniekheid gewaardeer en elkeen die kans gegun om projekte te inisieer en deur te voer.
- Die Ligbron-span help om meisies en seuns te vorm wat selfstandig, selfversekerd en met selfdisipline die toekoms kan ingaan.
- Geestelike groei en ondersteuning aan leerders is ons prioriteit. Ligbron se Leerderondersteuningsentrum (LOS) bied hierdie essensiële dienste.
- Goeie volgehoue dissipline maak dat daar hard gewoeker en gewerk kan word, maar ook dat spontane samesyn met Liggie-gees gevier kan word.
- By Ligbron word sukses deur harde werk gekweek en bly toewyding die sleutel tot sukses
- Die fokus en bekwaamheid van 'n onderwyserskorps maak dit moontlik om kinders te bemagtig op die beste moontlik manier.
- 'n Effektiewe skoolbestuur en visioenêre beheerliggaam vorm 'n gedugte span om uitdagings en ontwikkeling met analitiese en kreatiewe denke te bestuur.

A young woman with blonde hair, wearing a blue school blazer with yellow and blue striped lapels and a red shirt, is smiling at the camera. She has a name tag that says "PHILIP" and a school crest on her blazer. In the background, several other students in similar uniforms are walking, slightly out of focus. The scene is outdoors with trees in the background.

AKADEMIE



Ligbron is een van die top toonaangewende akademiese skole in Mpumalanga. Ogeleide personeel, moderne tegnologie en streng dissipline dra by tot die sukses in die klaskamer. By Ligbron is akademie die nommer een prioriteit en ons kernbesigheid. Elke leerder word sover moontlik die geleentheid gebied om volgens hul vermoëns en belangstelling te presteer. Ligbron se klaskamers is goed toegerus met SMART elektroniese interaktiewe witborde om die nuutste inligting in elke vak vir leerders visueel aantreklik en toeganklik te maak. Die moderne rekenaarsentrums bied aan kinders die geleentheid

om hul rekenaarvaardighede te slyp in verskeie vakke. By Ligbron is naskoolse ekstra klasse verpligtend in wiskunde en fisiese wetenskap. Alle ekstra klasse is gratis vir Ligbron leerders. Elke leerder word voorberei om die pad ná skool met selfvertroue en op die hoogste akademiese vlak te stap. Ligbron skryf die Nasionale Graad 12 eksamen, waarna kandidate hul Nasionale Senior Sertifikaat ontvang. Leerders wat akademies goed presteer, kwalifiseer met gemak vir universiteitsvrystelling.



PRESTASIES

PRESTASIES DIE AFGELOPE 10 JAAR

- Ligbron se doelwit is om jaarliks 'n 100% slaagsyfer in die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen te behaal.
- Ons het gereeld matrikulante wat onder die Top 10 in Gert Sibande distrik slaag.
- Meer as 65% van ons leerders slaag elke jaar die NSS-eksamen met universiteitsvrystelling.
- Ligbron spog al vir 16 agtereenvolgende jare met 'n 100% slaagsyfer in Wiskunde.
- Jaarliks ontvang verskeie Ligbron onderwysers toekennings tydens die Msukaligwa Streeks Prysuitdeling in hulle onderskeie vakgebiede.
- Ligbron behaal jaarliks die beste uitslae in Fisiese Wetenskappe en Wiskunde in die Gert Sibande Streek.
- Ligbron se ervare graad 12-personeel werk jaarliks by nasiensentrums in verskillende hoedanighede en is ook betrokke by die opstel van provinsiale eksamenvraestelle.

OLIMPIADES EN SPELATHON:

Ligbron leerders neem aan verskeie erkende, landswye Olimpiades deel. Leerders dring gereeld deur na die tweede- en derde ronde van die onderskeie olimpiades. Hulle vaar ook besonder goed in die Wêreldkennis-olimpiade en die English Olympiad. Verskeie leerders neem ook jaarliks deel aan die ATKV Spelathon.


TOP 10 EN TOP 10 UITSTAPPIE:

Ligbron kondig kwartaalliks die Top 10 akademiese presteerders van elke graad aan. Die top 10 leerders moet spog met 'n gemiddeld bo 80%. Tydens die 3de kwartaal word hierdie top 10 leerders beloon vir hulle harde werk met 'n uitstappie van hulle keuse. Hierdie motiveringsuitstappie moedig hulle aan om hulle plek op die Top 10 te behou.

ERKENNING:

Ligbron gee graag by 'n stylvolle gala-prysuitdeling erkenning aan akademiese presteerders volgens die goedgekeurde kriteria.





VAKKEUSES

LIGBRON se leerders kies, na gelang van hul belangstelling en aanleg, uit 'n wye reeks vakke hul studierigtings. Ligbron bied nie net akademiese vakke aan nie, maar ook tegniese vakke wat die opsies vir leerders eindeloos maak.

GRAAD 8 – 9:

Ligbron bied in Graad 8 en 9 die standaard vakke aan soos voorgeskryf deur die Onderwys Departement. Hierby word CAT en IGO addisioneel as nie-eksamineerbare vakke vir die junior klasse aangebied.

GRAAD 10 – 12:

Afrikaans en Engels Huistaal
Lewensoriëntering
Engels en Afrikaans Addisionele Taal
Lewenswetenskap
Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid/Tegniese Wiskunde
Rekeningkunde
Fisiese Wetenskap/Tegniese Wetenskap
Besigheidstudies
Rekenaartoeëpassingstegnologie (CAT)
Inligtingstegnologie (IT)
Toerisme
Geografie
Ingenieursgrafika en Ontwerp (IGO)
Meganiese Tegnologie
Siviele Tegnologie
Elektriese Tegnologie

TEGNOLOGIESE SPESIALITEITSVAKKE VANAF GRAAD 10:

Elektriese Tegnologie	Meganiese Tegnologie	Siviele Tegnologie
*Elektries (ligtestroom)	*Sweis en metaalwerk	*Boukonstruksie
*Elektries (swaarstroom)	*Pas en masjinerie	*Siviele dienste
*Digitaal	*Motorwerktuigkunde	*Houtbewerking

Ter voorbereiding vir graad 10-12 bied Ligbron jaarliks vir die graad 9's 'n vakkese-inligtingsaand aan waartydens die inligting aan ouers deurgegee word. Aanlegtoetse deur 'n professionele opvoedkundige word ook reeds vroeg in die graad 9 jaar gereël.

ADMATHS:

Vir leerders wat 'n loopbaan in ingenieurswese, wetenskap, 'n handelsrigting of aktuariële beroep wil volg, is AdMaths die antwoord om die gaping te oorbrug tussen skool- en universiteitswiskunde. AdMaths is 'n ekstra vak en berei leerders voor vir die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se Gevorderde Program Wiskunde Sertifikaat. Ligbron dien as 'n voltydse sentrum waar klasse in AdMaths aangebied word, asook alle eksamens en formele toetse afgelê word.

TERSIËRE AKADEMIESE VOORTREFLIKHEID:

Terugvoer van verskeie universiteite dui daarop dat Liggies met groot gemak by die universiteit se akademiese vlak, werktempo, werkdruk en sosiale eise aanpas. Op skool leer die Liggies al om hul tyd effektief te beplan en te gebruik sodat hulle maklik uit die beskermde skoolomgewing na die lewe daarbuite beweeg. Ons oudleerders spog met uitstekende akademiese grade en ons is trots op die talle leerders wat die afgelope 10 jaar hul doktorsgrade verwerf het. Oud Liggies skitter ook gereeld op die Ererol van die Internasionale "Golden Key" vir akademiese uitnemendheid.

Talle van hulle beklee vandag topposte in Suid-Afrika en ook in die buiteland.

Ligbron is trots dat ons 'n stewige fondament kon lê waarop oudleerders met selfvertroue en vrymoedigheid kan voortbou.



SPORT

SPORT – DIE BLOU MASJIE

Die Blou Masjien trap diep spore op sportgebied en bied vir elke sportseun en -meisie maksimale ontwikkeling en 'n gevoel van geborgenheid. Ons leuse - Facta non Verba (Dade, nie Woorde) word deur ons getroue ondersteuners uitgebou oor sportvelde en op paviljoene. Sport is 'n integrale deel van elke kind se ontwikkeling.

Die veilige omgewing van 'n gimnasium wat slegs toegang bied vir Liggies, is 'n gewilde plek vir leerders om deur instrukteurs gelei te word. Hier volg leerders oefenprogramme wat sportspesifiek en volgens ouderdomsgroep ontwerp is.

Hier word vriendskapsbande gesmee wat baie verder as die sportveld strek. Ons beskik oor uitstekende sportfasiliteite wat vir elke sportsoort voorsiening maak.

Die volgende sportsoorte word aangebied om goedgebalanseerde sportlui te ontwikkel:

- Atletiek
- Hokkie (seuns en meisies)
- Golf
- Tennis
- Skaak
- Netbal
- Rugby
- Krieket (seuns en meisies)
- Landloop
- e-Sport ("e Gaming")
- Skiet
- Skaak

Buiteskoolse sporte waaraan Liggies deelneem en uitblink:

- Ruiterkuns en Uithouritte
- Motorfietswedrenne

- Bergfiets
- Dans
- Gimnastiek
- Stoei

ONLANGSE PRESTASIES EN ANDER FEITE

ATLETIEK:

Die atletiekspan kompeteer in verskeie byeenkomste tot en met die Interhoër. Atletes neem hierna deel aan individuele proewe vir die Mpumalanga-span wat die provinsie op SA's verteenwoordig. Verskeie atletes neem ook jaarliks aan die ASA-byeenkomste deel.

HOKKIE:

Hokkiespanne neem jaarliks deel aan 'n voorseisoen reeks sowel as aan die Mpumalanga Grootkole Liga. Ons het volledige dogters- en seunspanne wat in hul onderskeie ligas kompeteer. Liggies word jaarliks in die onderskeie Mpumalanga, sowel

as SA Bokkiespanne opgeneem. Ligbrons het ook jaarliks spanne wat as Voorseisoen reeks, Mpumalanga- en Noordvaal Kampioene aangewys is. Ligbrons neem ook aan die binnenshuis- en 7's hokkieligas en toernooie deel wat later in die jaar plaasvind. Ligbrons spog met 'n moderne topklas Astrohokkiebaan wat toegerus is met spreiilige en 'n elektroniese telbord. Tesame met die hokkiefasiliteite spog Ligbrons ook met professionele afrigters en bestuurders. Privaat afrigting teen vergoeding is ook beskikbaar vir individuele spelers.

NETBAL:

Ligbrons het volledige A- en B netbalspanne wat jaarliks deelneem aan die Voorseisoen reeks en Mpumalanga Grootkole Liga. Verskeie dogters word jaarliks opgeneem in die onderskeie Mpumalanga, sowel as SA Bokkiespanne. Ligbrons se netbalspanne neem jaarliks aan die Fast 5 netbaltoernooi deel en het ook al verskeie spanne gehad wat aan die SA Top School Championships deelgeneem het en besondere prestasies behaal het. Ligbrons spog ook met splinternuwe netbalbane wat verseker gaan bydra tot die Liggie netbalspanne se toekomstige suksesverhale.





RUGBY:

Ligbron het volledige A- en B-spanne in elke ouderdomsgroep en 'n totaal van nege spanne neem deel aan die voorseisoen reeks. Ligbron het die afgelope paar seisoene kampioene opgelewer in die Superreeks, Mpumalanga Grootkole Liga sowel as in die Virseker Beker. Jaarliks word verskeie rugbyspelers verkies tot die onderskeie Mpumalanga en SA Bokkiespanne. Kundige afrigters vorm saam 'n gedugte span wat in die ontwikkeling van elke rugbyspeler belê.

KRIEKET:

Ligbron neem deel aan die Mpumalanga Liga, asook 'n Coke T20 Reeks. Ligbron het dogters- en seuns krieketspanne in verskillende ouderdomsgroepe. Lizelle Lee, is 'n Protea krieketspeler wat haar loopbaan op die Liggie veld begin het. By die Krieketakademie ontvang alle spelers, ook laerskool spelers, individuele of groepsafrigting deur gekwalifiseerde afrigters.

TENNIS:

Ligbron het huidiglik vier tennisspanne, twee meisiespanne en twee seunspanne wat aktief in die liga deelneem. Ligbron spog met moderne weervaste tennisbane wat toegerus is met spreiligte. Die tennisspelers word bygestaan deur 'n gekwalifiseerde afrigter wat privaatlesse aanbied om spelers se potensiaal ten volle te ontwikkel.

SKAAK:

Skaakliefhebbers maak hul merk in Ligbron. Spanne neem jaarliks deel aan verskillende ligas asook die Suid-Afrikaanse Skaak Kampioenskappe. Leerders kan ook individueel aan toernooie deelneem.

GHOLF:

By Ligbron kompeteer ons meisies- en seunsgolfspelers op verskeie vlakke en verfyn hul, hul vaardighede in 'n tegnologiesgevoerde Gholfakademie. Ligbron skryf jaarliks gholfspanne in vir die liga en sommige spelers neem ook aan individuele kompetisies deel. Gholfspelers is al in die onderskeie Mpumalanga gholfspanne opgeneem.

LANDLOOP:

Ons langasems oefen bykans dwars deur die jaar en toewyding word beloon met pragtige prestasies. Verskeie atlete word jaarliks opgeneem in die onderskeie Mpumalanga-spanne en neem ook deel aan verskeie ASA-byeenkomste. Ligbron het oor die afgelope 10 jaar verskeie kere die Interhoër Landloopbyeenkoms gewen.

e-SPORT:

Die e-sport (aanlyn rekenaarspeletjie liga) maak groot opslae in Suid-Afrika. Ligbron neem deel aan die High School e-Sports Liga (HSEL) waar daar ongeveer 30 skole van reg oor die land betrokke is. Rekenaarspeletjies soos FIFA2019, Overwatch, Dota 2, Counter-Strike Global Offensive(CS-GO), League of Legends (LOL), Fortnite en Rocket League word op 'n weeklikse basis gespeel teen ander deelnemende skole. e-Sport by Ligbron is 'n relatiewe nuwe sport wat leeders betrek om op 'n ander vlak betrokke te raak by die skool se aktiwiteite.



RUGBY

AGE: 6YRS - 10 YRS




NETBALL

AGE: 6YRS - 9 YRS

HOCKEY

AGE: 6YRS - 10 YRS



CRICKET

BOYS & GIRLS

BOXING

AGE: 6YRS - 13 YRS



*Blue Gecko
Youth Sport Academy*

GOLF

AGE: 7YRS - 13 YRS



ATHLETICS

AGE: 6YRS - 13 YRS



CYCLING

AGE: 6YRS - 13 YRS



Homeground at Ligbron Academy of Technology
Facebook: Blue Gecko Youth Sport Academy Inquiries: geckos@ligbron.co.za

Blue Gecko Youth Sport Academy

Die Blue Gecko Youth Sport Academy het ontstaan nadat Ligbron Akademie vir Tegnologie met die Blue Gecko mini-hokkie en Blue Gecko mini-netbal akademies, hande gevat het. Hierdie akademie fokus op laerskool leerders en die ontwikkeling van hul vaardighede. Die holisitiese ontwikkeling van jongmense tesame met die fisiese, sosiale en emosionele gesondheid van hierdie leerders, lê ons na aan die hart.

Na verskeie versoeke oor die afrig van ander sportsoorte is daar besluit om uit te brei. Die Blue Gecko Youth Sport Academy bied die volgende sportsoorte: mini-hokkie, mini-netbal, rugby, krieket, gholf, fietsry, atletiek en boks. Hierdie akademie funksioneer onafhanklik en die verskillende sportsoorte sal seisoengebonde wees, onderhewig aan die laerskole se skole ligas.

Die impak van sport reik baie verder as net fisieke welstand. Die waarde van die opvoedkundige voordele wat sport vir jong leerders inhou, moet nie onderskat word nie.

Vir meer inligting e-pos ons gerus: geckos@ligbron.co.za

Volg ons op Facebook: "Blue Gecko Youth Sport Academy"





KULTUUR

Kulturele aktiwiteite geniet 'n baie hoë prioriteit by die Liggies. Beide die personeel, asook die leerders wat hieraan deelneem, is baie entoesiasies oor hul aksies en behaal groot welslae. Elke moontlike geleentheid tot kulturele blootstelling word vir ons leerders gebied en hierdeur kan die leerders karakter bou. Alle kultuurleerders kry erkenning vir hul deelname en uitblinkers word volgens kriteria vir hul prestasies beloon tydens die jaarlikse prysuitdeling. Ons leerders ontvang sertifikate vir deelname, prestasie- en merietetoekennings asook erekleure.

Ligbron bied die volgende kultuuraktiwiteite aan

Koor:

Die koorafrigter, mnr. Theunis Botha, het verskeie Meestersklasse in koorafrigting in Europa bygewoon en is tans die afrigter van die Hoëveld Jeugkoor, die Ligbron Koor en drie ander kore. Ongeveer 80 leerders neem jaarliks deel aan die Ligbron Koor. Gespesialiseerde afrigting in koorsang geniet ook aandag. Kompetisies, Eisteddfods en werksinkels word gereeld bygewoon.

Skoolkoerant:

Die Verbis verskyn een maal per jaar. Die redaksie bestaan uit leerders onder leiding van die Tale-personeel. Die lede van die redaksie word opgelei in joernalistiek.

Musiekblyspel:

Ligbron se musiekblyspele is alombekend vir die hoë kwaliteit sang- en dansitems, asook die professionele klank en beligting daarvan. Daarom dat mense van heinde en verre reis om dié skouspel by te woon.

Brugbou-kompetisie:

Die Siviele Tegnologie leerders neem jaarliks aan die Brugbou-kompetisie deel, waar Liggies ook al gekroon is as provinsiale weners.

Redenaars, Radikale Redenaars en Debat:

Daar word binne en buite skoolverband deelgeneem aan debat- en redenaarskompetisies. Redenaars is 'n baie gewilde kultuuraksie en daar word jaarliks 'n junior en 'n senior redenaarskompetisie gehou. Ons junior en senior sprekers presteer uitstekend in die ATKV-kompetisie. Verskeie sprekers dring jaarliks deur na die halfeindronde vir Voorbereide en Onvoorbereide praat (Huistaal en Addisionele Taal). Liggie-sprekers het al op nasionale vlak deelgeneem en Ligbron op verskeie groot kompetisies verteenwoordig.

Mnr en Mej Liggie:

Elke jaar kompeteer die Graad 11-leerders om hierdie gesogde titels tydens 'n spoggeleentheid. Beide deelnemers en toeskouers geniet hierdie glansand terdeë.





Groentjekonsert:

Die Graad 8-leerders tree elke jaar in klasverband op in die Groentjekonsert, onder leiding van die VLR en die Graad 8-voogonderwysers.

Kultuuraand:

Kultuuraande bied leerders die geleentheid om hulle talente voor 'n gehoor ten toon te stel.

ATKV-Tienertoneel:

Liggies neem jaarliks aan die ATKV-Tienertoneel deel en behaal pragtige uitslae.

LCA:

Ons plaas 'n hoë prioriteit op die geestelike versorging van ons Ligbron leerders. Die skool word daagliks met skriflesing en gebed geopen onder leiding van 'n leraar, personeellid of die VLR. Afgesien van die godsdiensterperiode elke Woensdagoggend, waar leerders in kerkverband vergader en deur hul leraars bedien word, word die Ligbron Christen Aksie (LCA) een aand per week aangebied.

Finesse- en Ridderweek:

Tydens hierdie week word die dogters en seuns onderskeidelik spesiaal uitgesonder met 'n program wat hulle sosiaal en geestelik opbou. Temas vir die dogters varieer en sake soos geestelike groei, klerekas beplanning, grimering en gesonde eetgewoontes word ook aangespreek. Temas vir die seuns fokus onder andere op wat dit beteken om 'n man/ridder te wees en die uitdagings wat seuns ervaar.





FASILITEITE

Ligbron streef daarna om die skoolterrein so te ontwikkel dat alles wat 'n leerder nodig kan hê, hier beskikbaar is. Ons doel is om 'n veilige omgewing te skep waar ouers hul kinders met gemoedsrus kan aflaai.

STUDENTESENTRUM:

Ligbron spog met 'n studentesentrum waarop elke hoërskoolleerder trots kan wees! In die SS is die volgende fasiliteite beskikbaar:

- Goed toegeruste klere- en boekwinkel waar alle skoolklere, sportklere, skryfbehoeftes en IT-benodighede beskikbaar is. Hier word ook drukwerk vir die leerders gedoen teen 'n minimale fooi.
- Gratis internettoegang word verskaf in die SS.
- By die bankies en tafeltjies in die SS kan leerders sit en huiswerk doen, kuier en ontspan, terwyl hulle op groot skerm televisies na DSTV-kanale kan kyk.
- Badkamers met stortgeriewe is ook by die SS ingerig.
- Buite die sentrum is bankies en sambrele waar die leerders kan ontspan en saam kuier.
- 'n Kafeteria, waar die leerders ligte etes en versnaperinge kan koop. Dit sluit gesonde maaltye ook in.

DE MUNISIPALE DIENSTE:

Ligbron het vroegtydig die uitdagings van munisipale dienste soos krag en water raakgesien en het 'n kragopwekker aangeskaf wat die hele skool en die koshuis van krag kan voorsien. Ons het daarom ook twee boorgate op die terrein geïnstalleer, wat sal verseker dat daar altyd water beskikbaar is.

KLASKAMERS:

Klaskamers is almal ten volle toegegerus met van die beste tegnologie, wat internasionaal kompeteer. Elke klaskamer beskik oor 'n interaktiewe SMART witbord wat onderrig en leer bevorder.

SKOOLSAAL:

Die skoolsaal is gedurende 2011 heeltemal opgegradeer. Die saal kan bykans 900 mense sittend akkommodeer en word gebruik vir saalopeninge, musiekblyspele, konserte, prysuitdelings en eksamens. Sokkies en flieks word ook gereeld hier aangebied.

SPORTVELDE:

Elke sportsoort se velde of fasiliteite is op Ligbron se terrein. Geen leerder hoef dus die terrein te verlaat om aan sy of haar gekose sport deel te neem nie. Die sportvelde word regdeur die jaar onderhou en die Liggies is baie trots op ons netjiese terrein en sportvelde.

Ligbron spog ook met die volgende top sportfasiliteite wat leerders die geleentheid bied om hulle talente ten volle te ontwikkel: Krieketakademie, sintetiese krieketnet, Gholfakademie, Astro-hokkiebaan, weervaste netbalbane en 'n gimnasium.





KOSHUISLEWE BY DIE LIGGIES

In die koshuis wil ek bly, want die dorp is nie vir my -klink die stemme van die Liggies oor die koshuislewe by Ligbron. Ligbron se koshuise bied 'n tuiste aan gemotiveerde en presterende leerders wat van elke geleentheid wat die skool bied, gebruik wil maak. Koshuisinwoning is 'n voorreg en ondersteun in elke opsig die skool se strewe na uitnemendheid, goeie dissipline en vaste beginsels.

Die meisieskoshuis, Kiepersol, huisves 80 meisies en die seunskoshuise Bonsai, Taaibos en Kremetart huisves 145 seuns. Ons is baie trots op ons meisies-en seunskoshuisraad wat saam met die ervare koshuisvader en -moeder en 20 ander diensdoende personeellede die koshuise bestuur. Alle koshuisinwoners by Ligbron word ook deur matrones en 'n kok gevoed en versorg. In die koshuise streef ons daarna om werklik die Liggies te bevorder en ook vir leerders op informele vlak werklik 'n tuiste te skep. Koshuis braaie, serenade en filmaande maak deel uit van hierdie programme.

BUSROETES

Ligbron, 'n streekskool, bied ook 'n tuiste vir leerders van naburige dorpe. Betroubare en veilige vervoer vanaf en na buurdorpe word jaarliks hersien en goedgekeur na gelang van die behoefte en bekostigbaarheid. Die busroetes wat tans gebruik word: Volksrust, Swaziland, Bethal, Piet Retief, Badplaas, Amersfoort, Carolina, Amsterdam, Panbult en Standerton. Meer inligting oor die kostes is by die finansiële kantoor beskikbaar.





LEIERSKAP

LEIERSKAPSONTWIKKELING:


By Ligbron word daar op vele terreine geleentheid vir leerders gebied tot leierskapontwikkeling. 'n Paar geleenthede sluit in:

- Leierskapsontwikkelingskampe in graad 8 en 10
- Kampe vir VLR
- Klasleiers
- VLR lede

In elke klas word daar twee klasleiers aangewys wat demokraties verkies word vanaf graad 8-12. Dit is die klasleiers se verantwoordelikheid om sekere administratiewe take te verrig. Hierdie platvorm skep op 'n kleiner skaal geleenthede vir leerders vir groei en ontwikkeling.

Ligbron het 'n VLR wat uit 30 graad 12 leerders bestaan en ook demokraties verkies word. Die doel van hierdie raad is om te help met die handhawing van orde en dissipline, die uitvoer van sekere take soos deur die VLR-voog bepaal en die koördinering en skakeling tussen leerders en personeel. Die gees van die VLR is ook 'n groot bepalende faktor vir die gesindheid en positiwiteit waarmee dinge in 'n skool aangepak word.





e-LEARNING

Ligbron e-Learning System (LES)


Die Ligbron e-learning System word gebruik om skole te verbind aan 'n lewende interaktiewe aanlyn leer netwerk deur die gebruik van video konferensie en 'desktop sharing'. Die Ligbron e-Learning System gebruik 21ste eeu tegnologie om 86 sekondêre skole in 7 provinsies te help om hulle standaarde van onderrig en leer te verbeter en om resultate in wiskunde en wetenskap vir graad 11 en 12 leerders te bevorder. Hierdie sisteem word ook gebruik vir die opleiding van wiskunde en wetenskap onderwysers. Ongeveer 5217 Graad 11's en 3708 Graad 12's skakel weekliks aanlyn in en meer as 24500 leerders trek voordeel uit die toerusting wat deur Ligbron se e-learning klaskamers geïnstalleer word.

As 'n tegnologie-gebaseerde opvoedkundige benadering, is die Ligbron e-Learning System 'n eerste van sy soort in Suid-Afrika. Ons land ondervind groot uitdagings om voldoende hulpbronne te vind om die kwaliteit van opvoeding te verbeter, veral in vakke soos wetenskap en wiskunde – oor verskeie geografiese afstande. Die skole is verbind tot Ligbron Akademie vir Tegnologie deur die Vodacom sellulêre netwerk en gebruik videokonferensie-sagteware en 'desktop sharing' om hulle wiskunde en wetenskap lesse te deel.

Die uitsaai van kwaliteit onderrig oor 'n verskeidenheid geografies verspreide klaskamers, het 'n beduidende effek op die kwaliteit van lesinhoud en onderrig metodologie. Leerders het nou die vrymoedigheid en is gemotiveerd om hierdie vakke te neem en het nie meer die vrese dat dit te moeilik sal wees om te verstaan nie. Die impak wat hierdie tegnologie op die bevordering van die standaarde van onderrig het, is 'n voorbeeld vir ander skole en provinsies in Suid-Afrika.

Die doelwitte van LES:

- Om 'n aanlyndiens te beid aan alle skole vir lewende uitsendings deur ervare wiskunde en wetenskap onderwysers.
- Om landelike en onderpresterende skole in wiskunde en wetenskap by te staan.
- Om graad 11 en 12 resultate te verbeter.
- Om opleiding aan wiskunde en wetenskap onderwysers te gee sodat hul spesialiste kan word.
- Om wiskunde en wetenskap hulpbronne aanlyn aan skole, wat deel is van dié Ligbron-projek, te verskaf.
- LES-projekte wat deel is van die Ligbron aanlynleer, te bestuur en te monitor.





LIGGIES

Ligbron is op sy beste in aksie!

Daar is altyd nog meer by die Liggies.

- Valentynsbal
- Gr 8-Groentjieskonsert en inhuldiging
- Gr 8-Kersseremonie
- Matriekafskeid
- Finesse- en Ridderweek
- LigbronJol Aktiwiteite
- Geesweek
- LCA
- Old Boys and Beautiful Girls Dinee - voorstelling van Wintersport spanne
- VLR-kamp
- Graad 10-kamp
- Sportklinieke en -toere
- Geografie-uitstappie
- Ons hoof verjaar
- Olimpiades
- Prysuitdelings
- Top Tien uitstappie
- Ligbron Gholfdag
- Mnr en Mej Liggie
- Geesvang op die paviljoen
- Godsdien periode
- Musiekblyspele
- Landsdiens



Aan alle voornemende Graad 8's,

Wees op die uitkyk vir inligting oor ons jaarlikse **OPEDAG** op ons Facebook-blad, Instagram en ons webtuiste. Dit is 'n geleentheid wat jy nie mag misloop nie!

Aansoeke is nou oop en aanlyn beskikbaar by apply.ligbron.co.za

Vir navrae:

hr.admin@ligbron.co.za of hr.manager@ligbron.co.za

Ligbron: 017 811 5906

